

Vrydag 22 Maart

Skrifgedeelte: Josua 18:1-10

Fokusgedeelte: Josua 18:3

Maak seker dat jy in die geloof néém wat die Here vir jou gee!

Nadat 'n groot deel van die Kanaänitiese hartland aan die stamme van Juda en Josef toegeken is, het Israel hulle kamp van Gilgal af na Silo toe verskuif.

Dit is ook van daar af dat die Here sy werk met die vestiging van sy uitverkore volk in Kanaän afgerond en voltooi het. Hy doen sy beloftewoord gestand as Hy die volk deur Josua ernstig aanspreek omdat hulle getalm het om die land *“in besit te gaan neem wat die Here die God van hulle voorvaders aan hulle gegee het”*. Sewe stamme moes op hierdie stadium nog hulle grondgebied in besit gaan neem.

Let wel: God het die land reeds onderwerp. Hy het reeds gegee. Nou was dit die volk se verantwoordelikheid om te *neem* en *toe te eien* wat God gegee het. So werk dit altyd: elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van die Here af. Hy gee dit sonder dat ons dit verdien, net op grond van die waardigheid en verdienste van Jesus Christus. MAAR dit beteken nie dat ons nie ons hande hoef uit te steek om met danksegging en aanbidding te neem wat die Here daar inpak nie!

- Hier is dit die stamme van Israel wat met geloof en dankbaarheid moet neem wat die Here gee.
- Aan die voet van die kruis is dit elkeen van ons wat ons geloofshande moet uitsteek om met lofprysing en aanbidding te neem wat God vir ons op Goeie Vrydag en Paassondag berei het.
- Wanneer ons in die huwelik tree of 'n kindjie laat doop, belowe ons om met 'n werkende geloof God se seën vir ons en ons kinders op te eis. Soos Jakob by die Jabbokrivier gedoen het (Gen. 32:26).

Herinner mekaar meermale aan ons fabelagtige rykdom in Christus. Maak seker dat jy met dankbaarheid die skatte in ontvangs neem wat God in Christus, teen 'n vreeslike prys, vir jou berei het!

Sing: Psalm 112-1:1, 2, 3

Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)